STANDVASTIG EN GETROU
LAERSKOOL CONSTANTIAPARK

Nuusbrief

Laerskool Constantiapark

Liefde • Respek • Lojaliteit

No. 3 van 2022

Dis hóé ons die wát doen

Die hoof gesels

Geliefde Rooikat-Ouergemeenskap

Ek groet u terwyl daar elke dag al hoe meer herfsblare op die grasperke en in die strate neersif. Die veranderende seisoen bring nuwe natuurlandskappe mee en die tweede kwartaal gaan ook met nuwe uitdagings en geleenthede gepaard.

Ek skop af deur ieder en elk wat my verjaarsdag 'n vreugdevolle geleentheid gemaak het te bedank. Elke vriendelike glimlag, opregte handgeskrewe kaartjie en goeie wens word opreg waardeer. Dit is vir my altyd opvallend dat die kinders so opgewonde my verjaardag vier asof hulle self ook verjaar. Dit is uiters bemoedigend om te kan sien dat die hele skoolgemeenskap die vermoë openbaar om in mekaar se vreugdes te deel. Dit skep moed om te weet dat ons ook insgelyks in moeilike tye vir mekaar daar is en empaties onderskraag.

OUDERDOMSTOEPASLIKE OPVOEDING

Sommige van u het moontlik kennis geneem van die sogenaamde “Skoolhoof se smeekbrief” wat 'n hoof van 'n skool in die Wes-Kaap aan sy ouers gerig het. Indien u dit nie onder oë gehad het nie, kan u die brief op Media 24 met dieselfde titel gerus gaan lees. Die radelose hoof skets 'n donker prentjie van 'n algemene verval van orde, dissipline en laksheid by sy skool. Hy doen in die skrywe 'n ernstige beroep op ouers om as onderwysvennote toe te tree om die benarde onderwyssituasie te probeer red.

As hoof van Laerskool Constantiapark, het ek met 'n dankbare hart die skrywe gelees en net weer besef hoeveel ons as opvoedingsgemeenskap het om voor dankbaar te wees. Die opvoedkundige suksesse wat ons by ons geliefde skool smaak, is die gevolg van ondersteunende ouers, hardwerkende leerlinge en toegewyde onderwysers wat op gemeenskaplike waardes van liefde, lojaliteit en respek inkoop.

Omdat ons egter deeglik bewus is dat 'n skool nooit aan sekere samelewingstendense wat homself in 'n gemeenskap wreek kan ontkom nie, word ons genoodsaak om van tyd tot tyd sake wat in die samelewing aan die orde is, moet uitwys en direk moet aanspreek om sover moontlik hoë vlakke van opvoedende uitnemendheid te bly nastreef.

Dit kom van tyd tot tyd onder ons aandag dat enkele van ons leerlinge aan onvanpaste volwasse gesprekke, optrede en beeldmateriaal (rolprente, televisiereekse, YouTube-insetsels, Tik-Tok video's en dergelike meer) blootgestel word. Gedrag waarmee kinders in huise gekonfronteer word kan onder meer ongewenste taalgebruik, gewelddadige optrede, seksueel-verwante gesprekke en gedrag insluit. Dit kan tot gevolg hê dat leerlinge by die skool dienooreenkomstig hierdie gespreksinhoude by die skool herhaal en onbehoorlik optree na gelang van ouderdomsontoepaslike situasies waaraan hulle blootgestel is.

Ons doen derhalwe 'n dringende beroep op ouers om te let op hulle taalgebruik, huishoudelike konflikhantering, ouderdomsbeperkings van beeldmateriaal en algemeen verantwoordelike optrede voor hul kinders. Kinders is uiters vatbaar vir invloede en na-aap uiteraard gedrag wat aan hulle voorgehou word. Die sosiale dilemma wat hieruit ontstaan is dat daar dan in dieselfde klas kinders is wat aan onvanpaste gedrag blootgestel is en aan die ander kant diegene is wat diesefde opvoedingsruimte deel, wat nog uiters onskuldig, naïef en weerloos is en wat aan onbehoorlike invloede blootgestel word.

Ons bedank u vir u volgehoue positiewe kommentaar oor ons skool en sy onderwysers in 'n poging om die sterk band wat daar tans tussen ons as onderwyskamerade bestaan, steeds sterker te smee.

Ons sien opgewonde uit na u lojale ondersteuning in 'n kwartaal vol aktiwiteite waar u as ouers vreugde sal vind in elke oomblik waar u kinders die talryke geleenthede van ons skool met albei hande opgewonde, geesdriftig en entoesiasties aangryp.

Liefdevolle Rooikat-groete

Dr. Louis Dey

Hoof

HOOF SE VERJAARDAG

KUIERDAE VIR 2023-ROOIKATTE

Ons Opedae is oor twee Saterdae geskeduleer om seker te maak ons kan met almal wat kom kuier gesels! Beloer gerus ons digitale OPEDAG/KUIERDAG-WEBBLAD waar die registrasies vir opedag ook plaasvind: www.rooikatkuier.co.za.
Dankie vir ons eie ouers se lojaliteit om ook ons inligting oral te versprei. Dis 'n groot lekkerte as daar navrae kom vir nog prentjies en mooi-mooi's wat in die kuber se kommunikasie kan koers kry! Ons het so 'n kreatiewe span ons skep en gee graag!
Ons hoof, dr. Dey, en die hoof van ons Graad R-Sentrum, juffrou Marlene du Plessis, gesels ook breë bors met ouers wat tydens skooldag wil kom inloer.

DAGBOEK-DINGE

25/4	Eerste deelname aan WILDEKLAWER
29/4	*Music in the Mountains* (Seniorkoor saam met die Drankensberg se Seunskoor.)
11/5	Graad 1-Ouerleiding (Lees)
20/5	KASKAR
26/5	Hemelvaart en Jo Black kuier by ons.
27/5	Gasheerskool vir SUPER 12-Kore

WINTERSDRAG VANAF MEI!

April is oorgangsdrag, maar vanaf Mei is dit volledige Wintersdrag. Loer gerus op ons skool se webblad onder skooldrag as daar gewonder word: www.lscp.co.za

Loer na ons artikel in Maroela Media

Klik en lees:
https://maroelamedia.co.za/leefstyl/ouerskap/laerskool-constantiapark-welkom-in-die-rooikat-paradys/

INSTAGRAM en FACEBOOK

Ons eie Laerskool Constantiapark INSTAGRAM EN FACEBOOK is lewendige inloer en saam leef en saam trots wees en saam lekker kry as ons ons wêreld bou!

ROOIKATTE DRA NASIONAAL EN INTERNASIONAAL DIE KROON!

Hendré Ehlers is internasionale naaswenner: Hierdie ramkat-Rooikat-stoeier het aan die internasionale **Tallinn Open - Kristjan Palusalu Memorial jeug stoeikampioenskap** in Estonia deelgeneem en daar as naaswenner uit die stryd getree! Hendré stoei al van kleins af en wys hy maak groot impak waar dit saak maak, nadat hy klein begin het met wat saak maak!

Liné de Villiers is dubbelallemintige dubbeldoor SA-kampioen: Liné het aan die SA-Atletiek-kampioenskap deelgeneem en as SA-kampioen in twee items uit die stryd getree: in die 800m en in die 200m hekkies. Sy het ook 'n SA-rekord opgestel in die 800m en is as die beste baanatleet by die kampioenskap aangewys. Ons is so trots!

Amoré Janse van Rensburg : behaal 'n 8ste plek in die 70m hekkies by die SA-kampioenskap!

MJ Castelyn is 'n rolbal-Rooikat sonder Remme!

Ons Rooikat-graad 2-ramkat-rolbalspeler, MJ Castelyn se span behaal silwer by die Nasionale Kampioenskap. Hy is een van die jongste spelers in die toernooi!

Rooikat-Pappa... Neels Jonck is die SA-kampioen: SA-Kampioen in "Target Rifle". Ons is opgewonde oor ons ouers wat steeds wys Rooikatte bly roer!

Ons Rooikat-bedryfsbestuurder, mnr. Dirk Fourie, neem aan die SA-Jukskeikampioenskappe vir Gauteng-Noord se veterane mans deel en sy span eindig 5de. Hy is aangewys as die afrigter vir die SA-manspan en het 'n toets teen Namibië gespeel wat hulle gewen het. Hy en sy span toer na Namibië in Julie 2022 waar daar weer 'n toets gespeel gaan word. Ons hou duimvas!

Oud-CP, Lara van Niekerk skitter: Sy wen die olimpiese ster, Tatjana Schoenmaker, in die 100m borsslag vir vroue met 'n tyd van 1 minuut 5.67 sekondes.

KYK HOE WOEKER HULLE MET ONS SAAL SE OPKIKKERING!

Graad 7-Hoedeparade, want hulle is “cooler” as die res

AKADEMIE

Rooikat-teams

Ons herinner daaraan dat AL ons akademiese stukke nou op ons RooiKat-teams groepe geplaas word en dat ons nie meer Google Classroom gebruik nie. Ons plaas ook omsendskrywes op TEAMS en op D6.

As lopende skrif 'n lopende onrus raak!

Ons maats wat lopende skrif aangeleer het tydens die pandemie se handjies wil nie almal ewe mooi die vloeiende lyne laat vloei dat almal mooi kan lees nie. Lopende skrif is ongelukkig verpligtend tot einde graad 6 en ook nodig. Ons mag slegs vir assesserings toelaat dat RooiKatte en RooiSkatte los skryf as ons 'n verslag van 'n professionele persoon soos 'n opvoedkundige sielkundige of arbeidsterapeut ontvang.
Ons ondersteun graag tydens assesserings en as ons sien leerwerk raak moeilik, maar vasbyt hiermee is ook op die lange duur vir Wiskunde van belang.
Ons laai in ons Rooikat-Teams groepe die graad 3 wegtrek met lopende skrif en oefenblaaie vir by die huis ook so bietjie speel-speel en oefen aan die letters. By Archneer in Hatfield is daar ook oulike oefenbordjies vir oefen en uitvee. As ons Rooikat-ouers sien, hier kort 'n plan, laai asseblief die ondersteuning af en werk bietjie tuis om die vingertjies te laat oefening kry.

E-weet-vasvrae van Maroela Media

Tydens die bekendstelling van Maroela Media se e-Weet platform wat op die CAPS-kurrikulum gebaseer is, het ons Rooikatte as wenners uit die stryd getree. Gerhard Viviers, Landi van Wyk, Moné Steynberg en Elandri Coetzee was die formidabele span wat die meeste en die vinnigste die meeste geweet het.

Ons RooiKat-Wiskunde-Sentrum vir graad RR-7 maats, is in die Kleingroep-Wiskunde-gang skuins agter die Saal se agterdeure. Hier word die Wiskunde vriendelik omdat Mariska Roux en Lidy Grobbelaar die struikelblok wat los is opspoor en vasmessel en sorg dat die syfers begin sin maak! Dis so lekker om in die middae, die Rooikatte met glimlagte uit die Wiskunde-Sentrum se klasse te sien stap en laggies in die gange te hoor.

Rooikat-Wiskunde-Sentrum
071 012 9613 rooikatwiskunde@lscp.co.za

Bilaterale integrasie, Midlynkruising en Rigtingsin

Die rol van hierdie inligtingstuk is om kinders te help om die vaardighede te ontwikkel wat hulle nodig het om te verhoed dat hulle sukkel met verkeerde lettervorming en omkerings in die laerskool, byvoorbeeld b/d verwarring.
Daar is 'n sterk verband tussen leeerlinge wat omkerings het en diegene wat hul letters verkeerd vorm.
Om te verseker dat 'n kind sy/haar letters korrek in graad 1 kan vorm, benodig hulle voldoende rigtingsin. Hulle moet van links na regs, ➡ en van bo na onder ⬇ werk en hul sirkels vorm van bo af, in 'n anti-kloksgewys rigting. ↻
Vir rigtingsin om voldoende te ontwikkel, moet u kind hul midlyn met gemak kan kruis. Wanneer hulle dit vermy om hul midlyn te kruis, sal hulle dikwels van regs na links werk en hul sirkels in 'n kloksgewys rigting vorm.
Voordat voldoende midlynkruising kan ontwikkel, moet die kind die twee kante van hul liggaam terselfdertyd kan gebruik. Ons noem dit bilaterale integrasie. Hierdie vaardigheid vereis integrasie tussen die twee helftes van die brein.
Al hierdie vaardighede moet ontwikkel word voordat u kind kan leer om korrek te skryf. Kinders wat te vroeg begin skryf, raak maklik gefrustreerd en ontwikkel verkeerde gewoontes wat later negatiewe gevolge het, soos omkerings. Hierdie kinders vorm dikwels hul letters verkeerd en dit is baie moeilike om dit reg te stel.
Hier is 'n paar oefeninge of voorbeelde van aktiwiteite wat u as ouers kan doen om hierdie vaardighede te ontwikkel. Let asseblief daarop dat hierdie idees vir die gemiddelde leerder is wat ouderdomstoepaslik ontwikkel het. Indien 'n leerling probleme ondervind met bilaterale integrasie, midlynkruising of rigtingsin, moet hulle vir intervensie verwys word.
'n Groot rooi lig vir leerlinge wat nie hierdie vaardigheid ouderdomstoepaslik ontwikkel het nie, is leerders wat nie dominansie(links of regshandigheid) tussen 4 en 4 1/2 jaar gevestig het nie. Hierdie leerders moet onmiddellik na 'n Arbeidsterapeut verwys word.

Aktiwiteitsidees:

Graad R en 1:

1. Bilaterale integrasie op 'n motoriese vlak byvoorbeeld balvaardighede, spring met twee voete saam, diere loop ens.
2. Midlynkruising op 'n motoriese vlak byvoorbeeld “Criss cross” loop, rug teen rug, gee bal na links en regs aan, vang boontjiesak met twee hande aan die linkerkant en regterkant.
3. Bilaterale integrasie op 'n 3D-vlak byvoorbeeld bou met blokkies soos lego, verf met albei hande op dieselfde tyd, speel aktiwiteite wat die gebruik van beide hande op dieselfde tyd verwag soos om klei te rol in slange.
4. Midlynkruising op 'n 3D vlak byvoorbeeld sorteer voorwerpe in houers deur die kruising van jou midlyn (regterhand sit objekte in die houer aan jou linkerkant), gee boontjiesak van jou een hand na die ander terwyl die ontvanghand op jou knie bly.
5. Die ontwikkeling van rigtingsin met die liggaam, byvoorbeeld oefening die korrekte bewegings/skryfrigting met jou arms, teken vorms in die lug en speel “Simon Says”.

Graad 1 en 2:

6. Gaan voort om bilaterale integrasie op 'n motoriese vlak te ontwikkel, maar let veral op die ontwikkeling van hierdie vaardighede op 'n 3D-vlak, byvoorbeeld spring tou, “Jumping Jacks”, “ hopscotch”, werk met stensils en knip baie.
7. Gaan voort om midlynkruising op 'n groot motoriese vlak te ontwikkel, maar let veral op die ontwikkeling van hierdie vaardighede op 'n 3D-vlak, byvoorbeeld deur aandag te skenk aan die posisionering/plasing van opvoedkundige speletjies om midlynkruising aan te moedig, volgorde met stensils, prente van links na regs (hoe groter die papier hoe meer midlynkruising word verwag).
8. Rigtingsin op 'n 3D- en 2D-vlak (Gee veral aandag aan linkshandiges) byvoorbeeld die gebruik van pennetjieborde, werk van links na regs, van bo na onder, oefen om vorms en letters te teken met die korrekte rigting - eers met hul liggaam, dan 3D bv. met stokkies of klei, dan met potlood op papier.
9. Skryf hul naam en nommers om seker te maak dat hulle die korrekte lettervorming en rigting gebruik.

Opgestel deur Serna Smit
(arbeidsterapeut en ook 'n CP-mamma)
Smit Arbeidsterapeute

GRONDSLAGFASE LEER LEKKER!

REDENAARS SE ROOIKATTE MOET LANK WAG OM TE KAN ROER!

WAFEL-LEKKERTES!



SPORT

SUPER 12: RUGBY- EN NETBAL-SEGES

Ons O/11-netbal en O/11-rugbyspanne is beide naaswenners in die Super12-finale. Ons skool eindig algeheel 4de en 2de in Pretoria.

ATLETIEK: GAUTENG-KAMPIOENSKAPPE

Joshua van Schalkwyk: 5de in die 100m, hy val in die hekkies maar staan steeds op en maak klaar! Rooikat-Ramkat!
Le-Nieke Viljoen: 6de in Verspring.
Anelé Nienaber en Joshua van Schalkwyk: aflosse wen goud!
Amoré Janse van Rensburg: naaswenner 70m hekkies.
Danika van der Merwe: 4de plek 1500m stap.

RUGBY: KONKA

Ons O/11B-span tree as wenners uit die stryd by die KONKA-toernooi en ons O/11A-span eindig derde. Joshua van Schalkwyk is aangewys as die rugbyspeler van die toernooi. Ons eerste rugbyspan het tydens die toernooi tweede geëindig.

NOORD-SUID-TOERNOOI

Kyk ons mooie manne in die BEELD!

NETBALTOER

KRIEKET

Ouerinligtingsvergadering:
4 Mei 2022 – 18:00 in die Skoolsaal

Let op die Krieketproewedatums:

20 April	: 13:00 – 15:00 (0/8 Graad 2)
27 April	: 10:00 – 12:00 (0/8 Graad 2)
29 April	: 14:00 – 15:45 (o/9, o/10, o/11)
	: 16:00 – 17:45 (o/12 en o/13)
2 Mei	: 14:00 – 15:45 (o/9, o/10, o/11)
	: 16:00 – 17:45 (o/12 en o/13)
6 Mei	: 14:00 – 15:45 (o/9, o/10, o/11)
	: 16:00 – 17:45 (o/12 en o/13)

HOKKIE

Mnr. Renier laat weet: “Die hokkie-astro is reg! Welkom terug TUIS” aan al ons hokkiespelers!

BERGFIETSRY

Staan saam, ry saam, wen saam!
Ons Rooikat-ryers is Gauteng-wenners!

PRETTIGE PAASHAAS KUIER SAAM MET ROOIKAT EN ROOISKAT

OUD-ROOISKAT STUUR 'N MOOIE ROOIKAT TERUG!

Naand, dr. Dey! Ek is Karla Oelofsen 'n oud-CP en ek het foto's van 'n Rooikat geneem en gedink ek stuur dit sommer vir die beste Rooikatte wat ek ken! Eens 'n Rooikat, altyd 'n Rooikat !

Inloer by Kleuterskole

Loer vir ons langs die pad!

RooiKat en RooiSkat soek die Paashaas!

Die Graad RR se spaza-winkel vir wiele!

STUDIE-METODES

Kursus

- Klasse met maksimum 10 leerders
- Kursus strek oor 1 week, 2 ure per dag of oor 2 Saterdae oggende
- Ondersoek individuele leerstyle
- Hoe maak ek opsommings?
- Memorisering
- Wanneer moet ek begin leer?
- Oueropleiding

Kontak
Miana Spies
082 877 3474

MINI MEESTERS

Leersentrum

Graad 1-3 huiswerkhulp en ekstra klasse

- Hier word skoolhuiswerk gedoen en ekstra klasse gegee in die middag sodat Mamma nie hoef nie!
- Ekstra inoefenwerk word gegee sodat elke leerder op datum bly met alle akademiese verwagtinge in die Grondslagfase.
- Veilige en gemaklike leeromgewing waar ononderbroke leer plaasvind.
- Maksimum 3 kinders per klas – individuele aandag is 'n prioriteit!

ERF46/23 Gleneagles Drive
Silver Lakes Golf Estate
0081

Kontak Elizna van Zyl vir meer inligting:
066 290 9931
minimeesters@gmail.com

Is dit nog altyd jou
Droom om te kan
DANS?

CP SENTRUM VIR DIE KUNSTE
BALLET

Dis nooit te laat om te begin nie!

Het jy opgehou en wil weer begin?

Jy word uitgenooi om een gratis klas by te woon. Jy mag dalk so baie daarvan hou dat DANS jou passie word.

Marianne Dance Academy
ROYAL ACADEMY OF DANCE

Wanneer:
Enige Woensdag
Tyd: 16:30 – 17:15
Waar: Gr R Saal

BALLETKLAS vir beginners:
Woensdae 16:30-17:15 in die graad R saal aangebied.

Vir verdere inligting en om jou gratis klas te bespreek.
Whatsapp jou naam en graad na: Marianne 082 333 7314
Epos navrae: admin@mariannedanceacademy.co.za

HANDE in die HARE
oor hoe jou KIND leer en dink?

STUDIEMETODES

GRAAD 4 - tot GRAAD 7- OUERS:
Kontak ons gerus vir ontleding
van jou kind se breinprofiel!
Ons verslag bemagtig jou en jou,
kind se onderwysers...so word leer lekker!

MSWELLNESS

Miana Spies
082 877 3474
info@mswellness.co.za
Studiemetodes - MS Wellness

ONS IS OOP!

"STEEDS DIESELFDE CONSTANTIA GEHALTE"

MAANDAG - SATERDAG
09H00-13H00
MET INGANG VAN 18 MEI 2020

VOORKOMENDE MAATREËLS

- CONSTANTIA UITRUSTERS EN PERSONEEL BESKIK OOR PERMIT-MAGTIGING IN TERME VAN COVID-19 MAATREËLS OM BESIGHEID TE BEDRYF
- KLIËNTE EN PERSONEEL SE WELSTAND SAL TE ALLE TYE VOORKEUR GENIET
- DRA VAN MASKERS VIR KLIËNTE EN PERSONEEL VERPLIGTEND
- VOORKOMENDE ONTSMETTING VAN HANDE
- HANDHAWING VAN SOSIALE AFSTAND
- SOOS IN DIE VERLEDE, BEPERKTE TOEGANG TOT PRODUKTE - PERSONEEL BIED TOEPASLIKE PRODUKTE OP AANVRAAG AAN

Constantia Uitrusters

012 993 3130
MENDELSSOHN STR 469
CONSTANTIAPARK

LAERSKOOL CONSTANTIAPARK

Die Rooikat-Klerewinkel
is op die terrein by George-se-hek in Lilkenstraat.

ONS WINKEL HET:

- Netjiese tweedehandse skooldrag.

DIE WINKEL VERKOOP OOK:

- Sportdrag, sakke, hoede en nog dinge wat 'n Rooikat sou kon nodig kry.
- As ons op bestellings werk wat op ons CP-aanlyn-webblad (www.cp-aanlyn.co.za) bestel word, word die bestellings hier afgelaai.
- Ramble-tasse is ook in die winkel beskikbaar.

Winkeltye:
Maandag tot Donderdag: 07:00-09:00
en 13:00-17:00
Vrydag: 07:00-11:00

Kontakpersoon:
Me. Patricia de Wet
Klerewinkel@lscp.co.za
066 026 7567